| 28 November | NG Gemeente Kogelberg | 2025 |
|---|---|---|

# Eerste Gelui

## NUUS VANUIT DIE GEMEENTE



## SONDAG 30 NOVEMBER SE EREDIENSTE

| 09:00 | 09:00 | 09:30 |
|---|---|---|
| **Hangklipkerk** | **Kuierkerk** | **Kleinmondkerk** |
| Ds. Heinrich Carstens | Ds. Kirsten Small | Ds. Werner van den Heever |
| Jesaja 2:1-5 | Jesaja 2:1-5 | Jesaja 2:1-5 |

LIG | DEERNIS | HOOP

Hangklipkerk




Kleinmondkerk




Kuierkerk



YouTube

Kleinmondkerk se erediens word op ons YouTube-kanaal uitgesaai. Die skakel na ons YouTube-kanaal is:

https://www.youtube.com/@NGKerkKleinmond

*Gebruik gerus die* ***SnapScan-opsie*** *om jou offergawe te gee.*

SnapScan

# Program vir die week

| | | |
|---|---|---|
| **Maandag 1 Desember** | ***11:30*** | Predikante Preekwerkgroep (Kapel) |
| **Dinsdag 2 Desember** | ***09:00*** | Hangklip Gebedsgroep |
| | ***15:00*** | Sc1-4 Wyksafsluiting - Estelle Bruwer in 5de Laan 12 |
| | ***16:30*** | Kleinmond Gebedsgroep (Kapel) |
| **Woensdag 3 Desember** | ***09:00*** | Kerkraad (TYD) |
| | | *Caritas Kersboksprojek - laaste dag vir produkte na die Kerkkantoor* |
| **Vrydag 5 Desember** | | **Laaste dag om jou lootjie te koop.** |
| | ***16:00*** | Hangklip Jeugbyeenkoms - afsluiting |




*Om te weet wat om te verwag, het God se kinders, as gemeenskap van gelowiges, die leiding van die Heilige Gees nodig. (Joh. 16 : 13 Gaan lees dit ook in die Blye Boodskap).*
*Kom staan saam, op 'n Dinsdagnamiddag, in gebed om te hoor wat Vader se pad vir ons gemeente is.*

# Beroepingsproses

Bid asseblief saam dat die Here die persoon sal voorsien wat Hy vir die volgende seisoen van ons gemeente vir ons in gedagte het.

**BEROEPSVERGADERING**

**Woensdag**

**3 Desember om 09:00**

**in TYD-kuierruimte**

# Advent...

## Die pad na Betlehem en verder

met die roetemerkers van Jesaja

Kom kuier saam met ons in Adventstyd vir ons erediensreeks

30 November
Advent 1
Jesaja 2:1-5
'n Hangende uitnodiging

7 Desember
Advent 2
Jesaja 11:1-10
'n Tasbare hoop

14 Desember
Advent 3
Jesaja 35:1-10
'n Woestyn vol bloeisels

21 Desember
Advent 4
Jesaja 7:10-16
Iewers tussen hemel en hel

25 Desember
Kersfees
Jesaja 9:2-7
'n Fees van Lig

28 Desember
Sondag na Kersfees
Jesaja 63:7-9
Wanneer God die aarde betree

## KERKKANTOOR*ure*

*Tydens Desember 2025 & Januarie 2026*

| | |
|---|---|
| 22 - 31 Desember 2025 | |
| *Maandag - Vrydag* | 10:00 - 11:00 |
| 1 - 12 Januarie 2026 | GESLUIT |
| 14 Januarie 2026 | HEROPEN |

**Kerkkantoor**

## Belangrike Datums

**5 Desember**
- Laaste dag om jou lootjie te koop!

**5 Desember**
- ~~Gemeentekuier 18:00 (Kerksaal)~~ **GEKANSELLEER**

**6 Desember**
- Kersspel 18:30 vir 19:00 (Kleinmondkerk)

**7 Desember**
- Kerssangdiens 09:00 (Hangklipkerk)

**7 Desember**
- Kersspel 18:30 vir 19:00 (Kleinmondkerk)

**17 Desember**
- Stap-vir-Sending

**Datums**




**Getuienis**




**6 & 7 Desember 2025 | 18:30 vir 19:00**

**Kleinmondkerk | Vierde Laan 67**

*Gratis kaartjies* kan by die kerkkantoor in *Vierde Laan* afgehaal word.

*Vrywillige bydraes* sal waardeer word.




**Barmhartigheidsbediening** *gaan* **vetkoeke verkoop** *tydens die* **twee aande** *van die* **Kersspel.**

***R30 per vetkoek***
*Kaas & konfyt*
*Kerrie-maalvleis*

*Bestellings kan by die Kerkkantoor geplaas word. Daar sal ook op die aand vetkoek te koop wees (beperkte hoeveelhede).*

# Spesiale Koskasinsameling vir Kerstyd

Ons benodig nie-bederfbare produkte soos blikkies ingelegde vrugte, vla, koekies, of enige iets wat jy voel kan bydra tot die **Kersboks**.



Plaas asseblief jou bydrae in die houers by enige van ons drie bedieningspunte **teen Woensdag 3 Desember 2025.**




# Eredienstye Kleinmond



**In die lig van ons begroting met die oog op die beroep van 'n tweede voltydse leraar, het die Kerkraad besluit dat eredienstye in 2026 soos volg sal verander:**

**Kuierkerk om 08:00**
**Hangklipkerk om 09:00**
**Kleinmondkerk om 10:00**

In die Kleinmondstreek sal daar gedurende skoolvakansies en langnaweke slegs een erediens om 09:00 in die Kleinmondkerk wees

*Kogelberg se Getuienis*

# STAP VIR SENDING – DIE REËLINGS
## DATUM: WOENSDAG 17 DESEMBER

Die getuienisaksie reël op Woensdag 17 Desember 2025 weer ‘n Stap vir Sending. Die doel is om geld in te samel vir die sendelinge wat deur ons gemeente ondersteun word. Ons reël dit met die gewaardeerde hulp van die Kleinmond Stapklub. (Baie dankie Gerhard en Louie

Anders as in Mei vanjaar word hierdie keer nie borge vir die stappers gevra nie, maar elkeen wat saamstap word genooi om ‘n donasie vir Kogelberg se sendelinge te gee. Veral vakansiegaste word hierdie keer hartlik uitgenooi om saam te stap. Lidmate wat kontak met sulke vakansiegangers het, word gevra om hierdie nuus asb. vroeg reeds met hulle te deel.



Nuwe roetes is vir hierdie stap uitgewerk:

• Twee roetes op Kleinmond: ‘n Korter roete (5 km) vanaf die hoofstrand tot by die hawe, grootliks gelyk met mooi seetonele. As stappers daarin belangstel, kan hierdie stap verleng word tot by die Drie Kruise by Palmietstrand (dan word dit 8km in totaal).
Die bergroete (6 km) is eers redelik gelyk, vanaf Vierde Straat tot by Hanneshoek (bokant die Gholfklub). Daarna kom die steiler Jean’s Hill. (Stappers wat nie dié deel wil aanpak nie, kan terugvergesel word.)

• Die roete op Bettysbaai (Rod’s Trail) is redelik gelyk – vanaf Disa-kampterrein, berglangs met die kontoerpad, oor Clarencerylaan na die hoofstrand, en dan strandlangs terug tot by Dawidskraal en weer tot by die beginpunt.

• Die Pringlebaai-stap (6 km) volg die stappad deur Brodies Link. Dit begin by Hangkliphek aan die bo-punt van Streamweg. (Stappers kan tot daar ry via Hangklipweg, of natuurlik soontoe stap.) Dis aanvanklik effens steil, maar word daarna meer gelyk.

Verversings: Op elke roete word tyd gemaak om iets te eet en te drink. Meer inligting: Annetjie Strever (082 212 3146) of Esther Pretorius (082 786 3100). Name en telefoonnommers word aangeteken en die leiers beplan daarvolgens verder. Donasies: Dit kan op die stapdag by die beginpunt oorhandig word, of vooraf per bankoordrag in die gemeente se rekening betaal word: NGK Kleinmond, ABSA 322 0150 320, verwys Sendingstap, en jou naam.

## Arbeidsbediening




## Gebedsgroepe




## Dankoffers



# Deuroffers


Sondag 30 November se
deuroffers word ingesamel
vir ARBEIDSBEDIENING


Volgende Sondag se Deuroffers
is vir ons Gasvryheidsbediening

# Verjaarsdae!

## Saterdag 29 November

Rita Fourie 082 263 8296 (Ba2)
Fransél Hen-Boisen 084 076 6301 (BB4)
Lizette Joubert 079 107 8570 (Sa4)
Fredericka Rossouw 072 240 8098 (Sa1)
Cilla Steyn 082 302 3199 (Sa1)

## Sondag 30 November

Amy Bredenkamp 083 270 7102 (Ba1b)
Hettie De Bruin 082 321 1003 (Bb2)
Annemarie Els 082 576 1423 (Sa1)
Thys Kemp 072 373 5276 (Sb2)
Joos Kirstein 083 660 1370 (KB2)

## Maandag 1 Desember

Kallie De Kock 082 556 2352 (KB3)
Francois Hugo (Bb3)
Tronell Jordaan 082 566 4368 (Sc2)
Sandra Taljaard 082 889 8018 (BB3)
Des Vincent 078 682 2242 (BB4)



## Dinsdag 2 Desember

Leonor Gerrits 082 828 3435 (Sa3)
Lorraine Pauw 076 456 0100 (Sc3)
Estelle Victor 082 901 7422 (Sa2)

## Woensdag 3 Desember

Marlene Basson 072 477 6109 (Sb4)
Mariaan Bezuidenhout 082 517 1004 (PM1)
Willie Botha 082 460 8024 (Ba3)
Marie Burger 082 416 9815 (Sa1)
Philda Heidmann (Sb1)
Mario Tait 084 515 0688 (Sa3)
Estra Van Veen 074 920 3239 (Sa2)

## Donderdag 4 Desember

Christo Dorfling 076 414 0988 (BB3)
Adam Mantell (PB1)
Lliam Mantell (PB1)

## Vrydag 5 Desember

Pierre Fouché 071 675 5549 (PB2c)
Verna Hayes 079 284 1222 (Ba2)
JC Van Der Merwe 082 561 7709 (KP2)
Charlie Van Heerden 082 575 8770 (KB2)
Helen Visser 082 755 5298 (KB1)

# Eko-bediening

**VG Kerk Kleinmond + NG Kerk Kogelberg**

## Afsluitingsete

Dinsdag 18 November 2025 17:30 NG-kerksaal

EKO-BEDIENING

Die aarde behoort aan die Here



Met liefde gemaak deur Joanne






















Tema: **Beleef God in elke stukkie fynbos!** *Skriflesing: Psalm 19.*

JM: Die natuur praat! Hoor jy dit? Na aanleiding vd werkwoorde in vers 2-5 sien ons dat die natuur baie besig is: dit getuig (dit verkondig 2020), dit praat (NLV), dit maak bekend, dit gee berigte deur, dit deel kennis uit en dit dra ŉ boodskap oor. Die natuur is beslis nie stil nie, dis net "anders" besig, voltyds besig. Tog kan dit wees dat ons die Skepping nie aldag hoor of sien of beleef nie.

**Vraag: As botanis, hoe beleef jy die natuur? Hoe hoor jy die stem vd natuur?**

EvJ: Die spreekwooord onbekend onbemind is baie waar en hoe meer ons van die natuur verstaan, des te beter koester ons dit, en aanvaar ons ook eienaarskap.

Die natuur sien ek as 'n groot natuur simfoniekonsert. So baie deelnemers (plante en diere) elk moet reg speel om te kan oorleef in harmonie met hulle omgewing. Om 'n suksesvolle simfonieorkes te kan onderhou is daar altyd 'n dirigent nodig wat rigting en pas aangee of aandui, anders is alles chaos! Die dirigent is God! Van eensellige lewe, virusse tot die groortse lewende wesens op aarde naamlik bome!

God het in ons - en elke plant of dier – 'n gees van aanpassing en voortplanting gegee, die gees van Lig en Lewe!

Fynbos is een van die kleinste maar rykste plantkoninkryke met min of meer 10 000 soorte en daarom het die Wêreldbewaringsunie (IUCN) 'n paar jaar gelede besluit dat dit as 'n wêrelderfenisgebied verklaar moet word, wat dui op die internasionale bewaringsbelang van ons Kaapse blommeryk.

Die diversiteit en skoonheid van ons fynbos is een van die redes waarom Leon Kluge met sy mooi fynbos-uitstalling by Chelsea weer dubbel goud vir ons gewen het.

In die geestelike wêreld is daar 2 koninkryke - die donker en die lig. Die Here wil van ons donker ontslae raak.

**Kom ons kyk hoe funksioneer hierdie lewende Fynbos orkes.**
Plante kan nie weghardloop gedurende gevaar of teenstand nie. Hulle is staties. Dit is net mobiel in die saad-stadium, en dan het die ma-plant ook nie 'n keuse waar die saad gaan land nie. Hier heers 'n ander tipe nasorgproram deur allerlei spesialisasie om die plantkinders groot te kry.

**Fynbos is net soos die karoo plante, ook swaarkry aangepas**
**Watter swaarkry beleef fynbos?**

Tafelbergsandsteen is sedimentêre gesteente met baie arm grond met die gevolg dat daar is nie genoeg kos in die grond is nie. Hoe nou gemaak? Dan ook die lang droë somers - en met kort vogtige winters. Fynbos het darem een voordeel: juis die kort vogtige nat winters. Waarom is winterreën voordelig? Die winters is koel met minder verdamping en kan die plante meer effektief op die vogtigheid staat maak.

Watter ander swaarkry beleef fynbos? Lang reënlose somers en baie wind, veral suidooster in die somers. Watter slim plan moes die plante uitvoer om in die somerdroë winderige klimaat te kan oorleef?

**Die geheim lê in die manier van blaredrag: daarom is fynbos gehul in 'n effektiewe immergroen blaredos**.

Hoekom verskil die fynbos-blare so baie van breëblaarplante in die somerreënval streek?

In die somerreënval streke waar mineraalryke grond is, is daar meer voeding. Die blare is groot en rond en word die blare in die winters afgeskop. Hulle kan dus bekostig om jaarliks hulle blare te vervang omdat hulle makliker nuwe blare kan maak.

Daarom het die meeste fynbos-plante soos sy naam aandui fyn blaartjies - klein langwerpige, naaldagtige en leeragtige tot harige blare en is bladhoudend. Om blare te groei kos die plant baie energie, en daar is nie genoeg minerale voeding in die grond nie. Die immergroen plant hoef dus nie jaarliks sy blare of klere te vervang nie wat minder kos en so besparend vir die fynbos is. So spaar hy met sy immergroen kleredrag en durf die lang somers aan. Die kleiner leergatige blaartjies ervaar ook minder verdamping om die plant af te koel. Wat is beter: 'n kwaliteit baadjie wat vir jare gaan hou of klere wat jaarliks moet vervang word?

Die bolle in Fynbos oorleef weer ondergronds en ontsnap die lang warm droë somers. Die fynbos vetplante oorleef weer deur die water wat in hulle blare of stingels gestoor word.

*Hierdie gesamentlike aanbieding deur ds Jan Momsen en dr Ernst van Jaarsveld het plaasgevind op Sondag, 5 Oktober 2025 in die NG Gemeente Kogelberg om saam te val met die 50-jarige verjaarsdag van die Kleinmond Natuurbewaringsvereniging.*

**Veldbrand bestuur**

Om 'n gesonde fynbos omgewing te handhaaf moet hulle so elke 8 -18 jaar deur die vuur gaan. Fynbos word deur veldbrande bestuur. Dit is 'n natuurlike en drastiese snoeiproses wat vernuwing bring. Fynbos het brand-afhanklik geword waarsonder die plante agteruitgaan as dit nie gereeld brand beleef nie. Hoe oorleef hulle die vlamme? Na so 'n fynbos-brand lyk dit aanvanklik verskriklik: alles is swart en vol roet. Dan gebeur die wonderwerk. Elke fynbossoort het sy eie reaksie op brand. Alhoewel die moederplant dood brand het die grond 'n natuurlike saadbank en sommige fynbos ontkiem slegs na brand. 'n Ander groep het 'n ondergrondse wortelstomp wat weer uitloop en groei voortsit. Daar is ook 'n eenjarige groep plante, genoem die pirofiete of nabrandplante, wat vir net die seisoen na brand opkom en weer vir jare rustend in die grond bly tot die volgende brand wat tot 15 jaar of langer kan wees. Die rook van die vuur stimuleer die saad om te ontkiem. Dan het party soos die waboom en waaieraalwyn kurk-agtige bas wat die plant teen die brand beskerm en kan hy net na brand weer uitloop.

**En dit is hoe ek God beleef - Hý die groot dirigent sorg vir elke skepsel. Sy oorlewings-gees in alles, sorg vir elke fynbos-plant en -dier.**

JM: Die inhoud van die natuur se "getuienis" is die almag (= heerlikheid NLV) van God en die werk van sý hande. Dit word oor die hele wêreld verkondig, tot aan die uithoeke vd aarde (nav verse 2 en 5). Die NT sê dat van die skepping af kan mens uit die werke van God duidelik aflei dat sy krag ewigdurend is en dat Hy waarlik God is .... Tog hoor mens baie keer hoe wonderlik is "Moeder Natuur" !

**Vraag: As wetenskaplike, sien jy die heerlikheid van God in jou werk en in die natuur?**

EvJ: Of jy nou na die makro uitspansel of heelal tuur of grondwaarts, daar is die heerlikheid van God teenwoordig! Dit dwing ontsag af! Die heelal weet ons die minste van - en nou meer as ooit – en wonder die wetenskap steeds oor sy oorsprong en werklike ouderdom. God se wette hou die heelal in stand en binne sterre se onstuimigheid word elemente gevorm wat in ons liggame en plante teenwoordig is. Aan die kleiner kant, praat mense dikwels van die 5 grotes, maar ek sê dit is die 5 biljoen miniatuur mikro-organismes in die grond wat die belangrikste is.

Grond is lewe en hoe groter en gesonder die mikro organismes se populasie is, des te beter sal ons eet. Hierdie klein eensellige diertjies asook ondergrondse swamnetwerke kan ons nie met die oog sien nie maar hulle breek die organiese materiaal af en maak dit weer aan plantwortels beskikbaar. Sonder dié biljoene in die grond sal ons nie kan oorleef nie.

Ek doen nog steeds werk op vetplante wat net op kranse groei en aangepas is. Jaarliks is ons op ekspedisies en staan verwonderd oor ’n groep vetplante wat net op kranse groei. Selfs op die arm sandsteenkranse van die fynbos kom van hierdie soorte voor. Anders as vetplante wat op bereikbare dele voorkom, wat of dorings het, om hulle te verdedig, of bitter sap wat vyande afskrik, het die plante op kranse dit nie. Die rondeblaaraalwyn (Kumara haemanthifolia) groei in polle en is ware kransplakkers wat in skeure groei. Die suikerbekkies bestuif die blomme en die saad word deur dwarrelwinde op die krans gestrooi. Die saad wat op plekke opkom wat bereikbaar is vir dassies en klipbokkies word dadelik gevreet omdat hulle nie dorings of giftigheid het nie. Die wat veilig op ’n lysie land ontkiem veilig in die rots! Dieselfde met die krans altydvygie (Erepsia polita). Solank hy in die beskerming van die rots is, is hy veilig. Die rots is sy beskutting en wat weg van die rots land word gevreet of vertrap. So ook ons as mense: as ons in die Rots Jesus bly, is ons veilig. As ons weg van Hom beweeg is daar moelikheid!

JM: **Die loflied oor die son: raaksien of aanbid?** Vers 5b-7 is een van die moeiliker dele van hierdie psalm. Dis byna of die digterlike passie by Dawid oorneem as hy die son hier beskryf. Mens wil amper sê dis ŉ oordrewe loflied aan die son: stralend, soos ŉ bruidegom, niks ontkom sy gloed nie. Maar dis die Skeppergod wat vir hom ŉ tent opslaan (nie ŉ tempel bou nie) en dis Jahwê (vers 8-15) wat sy baan bepaal om dag en nag aan te dui.

Vraag: **Jy het seker al baie sonsopkomste en sonsondergange beleef – op baie besondere plekke. Vertel ons iets van jou gewaarwordinge**.

In Psalm 19 verheerlik Dawid beslis nie die son nie - hy sien die son as ’n konstante bron van energie – en vergelyk dit met wet van God - wat God nie alleenlik deur sy profete geskenk het nie, maar wat hy deur sy seun Jesus vervul het, wat net soos die son getrou opkom en ondergaan - God is die enigste konstante in ’n veranderende heelal en bly altyd dieselfde! Selfs die son, as ster, sal eendag uitbrand - maar God bly dieselfde, en dwing onstag af!

**Die son is die fynbos-omgewing se konstante kommoditeit.**

Alle groen plante is afhanklik van lig (wat die son verskaf) vir die proses van fotosintese. Groen plante bind of sekwestreer die koolstof wat teenwoordig is in koolsuurgas - en gaar kos of gebonde energie op - vir groei en voortplanting. Die fotone van die lig dra energie, wat op die groen stof in plante val en die fotosintese-proses laat gebeur en aan die gang hou. Dus, die koolsuurgas wat ons uitasem word deur plante herwin en suurstof word vrygestel as byproduk! Ons noem dit fotosintese. Plante is dus die groen longe van ons planteet wat die lug voortdurend suiwer.

Al ons energie kry ons van groen plante. Dink maar net aan voedsel, beskerming ens. Behalwe elektrisiteit wat ons van sonpanele ontvang, is plante die enigste vorm van lewe wat sonlig kan vasvang vir hergebruik.

Omdat die son so vrylik beskikbaar is, is baie fynbossoorte aangepas om minder, maar meer opvallende blomme te dra, en daarom spesaliste in voortplanting. Die produsering van nektar is minder veeleisend, en daarom het baie fynbossoorte, ten spyte van die arm grond, hierdie kommoditeit effektief gebruik om volop nektar te vervaardig. Daarom dat fynbos-soorte soos proteas, ericas ens., van ons mooiste en grootste blomme is. Die nektar dien as 'n present vir wie ookal die bestuiwer mag wees, in ruil om sy gene oor te dra.

Die vorm van die blom bepaal die bestuiwer. By buisvormige blommetjies soos pypies, sommige heide, fynbos-aalwyne en sommige viooltjies, is suikerbekkies die bestuiwer. In ruil vir die oordra van die stuifmeel kry die dier 'n nektar-beloning, m.a.w die plant gee van sy energie weg in ruil vir oordrag van gene.Proteas is weer suikervoel-bestuiwend. Baie kleiner soorte, het fyn blommetjies en is gogga-bestuiwend. Die mooi rooi disa en rooi blommende klipblom is weer skoenlapper-bestuiwend. Die stuifmeelpakkie van die disa blom is taai en kleef vas aan die skoenlapper wat na ander blomme gaan en so die stuifmeel oordra.

Dan is dan ook 'n groot groep met skaamblomme onder die bosse wat deur knaagdiere bestuif word. Ander weer soos die gonnabosse en baie tolbossoorte vervaardig groot hoeveelheid stuifmeel wat weer deur wind bestuif word.

Na bestuiwing word die saad of vrugte gevorm en weereens is elke fynbos-soort 'n spesialis in saadverspreiding. Sommige saad het 'n eetbare (eliaisoom) pakkie wat die saad gedeeltelik omhul en wat die miere versamel en nes toe neem en die miere dit benut maar die saad bly agter. Dus ook 'n energie-geskenkpakkie in ruil vir saadverspreiding.

Daar is selfs saad van 'n fynbos rietbossoort wat na mis ruik en die miskruier flous, en die saad begin rol en later plant!

Die Clanwilliam-seder van die Sederberge (Widdringtonia cederbergensis), is die fynbos se grootste boomsoort. Anders as die ander 2 inheemse seders met gevlerkte saadjies wat deur die wind versprei word, het die Clanwilliam-seder neutjies as saad en word dit deur die Kaapse stekelmuis versamel en in rotsskeure begrawe of weggesteek vir latere gebruik. Die muis se geheue is nie altyd so goed nie daarom dat van die saad in rotsskeure bly en later opkom en 'n nuwe boom word.

**Wat doen die vygies om hulle saad te versprei?**

Hulle vrug of kapsule is die wêreld se mees gevorderdste vrugstruktuur en verwonder ’n mens hom aan die natuur (God) se effektiewe ingenieurswese! Die meeste vygies het klein vrugkapsules wat met vowassenheid uitdroog maar met die eerste reën in die herfs vou die 5 of meer kleppe van die kapsule oop. Hoe kry hulle dit reg? Elke klep het ’n uitdykiel wat beteken dat as dit reën die uitdykiel opswel en die klep oopdruk. Dan is die saadjies blootgesel aan die kinetiese energie van die vallende reëndruppels wat die saad om die plant versprei. Na die reënbui met droogte trek die uitdykiel weer saam en maak die kapsule toe om die oorblywende saad weer verder te beskerm tot die volgende reënbui.

Die suurvye wyk egter van die normale vygies af om vir ons kos te bied sodat ons die vrugte kan eet en so die saad versprei. Dus, die natuur is duidelik ‘n groot natuurlike simfoniekonsert waarvan elke individu bydra tot die geheel, maar met net een bepalende almagtige Dirigent. Dit is die Skeppergod wat die bron van alle lewe is.

**Ten slotte:** Ek het my inspirasie vir my doktorsgraad gedurende ’n nagmaalsdiens gekry toe ek gekonsentreer het op Jesus as Rots wat vir ons geklief is, met ander woorde Jesus as Rots wat vir ons gekruisig is. Die plante wat net in die rotsskeure groei ondergaan karakterverandering en verloor hulle dorings, bitterheid en kamoeflering want niks bedreig hulle daar nie. In die proses is hulle egter nou meer kwesbaar as hulle nie op rotslysies groei nie. Daarom moet hulle in die rots bly en kan hulle agv hul wonderlike aanpassing daar oorleef – **maar net as hulle in die rots geanker bly.** Dit vorm vir my dan ’n allegorie van mense wat Jesus as Verlosser aangeneem het. Hulle verloor hulle bitterheid, hul dorings en hul kamoeflering en hoef nie meer op eie krag staat te maak nie want die Rots word hulle beskerming. Weg van Jesus is hulle egter kwesbaar!

Die Bybel is ’n samevatting van boeke geskryf deur gewone mense soos ons almal (van skaapwagters tot konings en profete), maar almal geïnspireer deur die Gees van God. Tog is die Bybel nie ’n wetenskapboek nie. Dit is ’n geestelike/geloofsboek wat vir ons sê dat God nie alleen die Skepper is nie, maar ook die Onderhouer van al die prosesse wat in die skepping werksaam is. Maar die Bybel bly primêr die bron wat ons riglyne gee oor die redding van God deur sy seun Jesus!

**Slot.** JM: So, sit jou bril op! Nie ’n sonbril om minder te sien nie, maar die bril van Ps 19 om beter te kan sien! Sien die Here agter én ín elke fynbossie. Spits jou ore (haal jou oorfone af!) en hoor die lofprysing van die Janfrederik in jou Kogelberg-tuin. Amen!